education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2008

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n antwoordeboek van 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES verpligte vrae.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Gebruik die formate wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien word om die vrae te beantwoord.

4. Waar van toepassing moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien.

5. Jy moet probeer om by die voorgestelde tye te hou.

6. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Antwoorde mag met 'n donker potlood of blou/swart ink geskryf word.

PUNTE: 300 MINUTE: 180

VRAAG 1: 40 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Rekonsiliasies en interne beheer	LU1 Finansiële Rekeningkunde -AS4 Ontleed en vertolk rekonsiliasies LU3 Bestuur van hulpbronne -AS5 Etiese kode -AS6 Pas interne beheerprosesse toe
VRAAG 2: 70 punte; 45 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Finansiële state en vertolking van 'n maatskappy	LU1 Finansiële Rekeningkunde -AS5 Opstel en ontleed van finansiële state van 'n maatskappy LU3 Bestuur van hulpbronne -AS3 Bateverkope
VRAAG 3: 70 punte; 40 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Korporatiewe verslagdoening	LU1 Finansiële Rekeningkunde -AS5 Opstel van finansiële state -AS6 Ontleding van 'n ouditverslag LU3 Bestuur van hulpbronne -AS5 Rol van professionele liggame
VRAAG 4: 45 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Belasting op toegevoegde waarde	LU1 Finansiële Rekeningkunde -AS7 Pas beginsels van BTW toe LU3 Bestuur van hulpbronne -AS4 Verskillende waarderingsmetodes -AS5 Etiese kode -AS6 Pas interne beheerprosesse toe
VRAAG 5: 45 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Vervaardiging	LU2 Bestuursrekeningkunde -AS2 Opstel, ontleding en verslagdoening van inligting oor koste LU3 Bestuur van hulpbronne -AS6 Pas interne beheerprosesse toe
VRAAG 6: 30 punte; 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Kontantbegrotings	LU2 Bestuursrekeningkunde -AS2 Ontleding & vertolking van 'n kontantbegroting LU3 Bestuur van hulpbronne -AS5 Etiese kode -AS6 Pas interne beheerprosesse toe

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: VERSOENINGS EN INTERNE BEHEER (40 punte; 25 minute)

INLIGTING:

Jy word voorsien van die laaste twee maande se Bankversoeningstate van Umlazi Handelaars.

Bankversoeningstaat van Umlazi Handelaars op 30 April 2008	
	R
Debietsaldo soos per Bankstaat	26 650
Uitstaande tjeks:	
No. 123 (gedateer 25 November 2007)	285
No. 335 (gedateer 28 Februarie 2008)	260
No. 438 (gedateer 15 April 2008)	775
No. 447 (gedateer 30 April 2008)	2 300
No. 448 (gedateer 25 Junie 2008)	5 000
Uitstaande deposito's	41 350
Kredietbedrag verkeerdelik gedebiteer op Bankstaat	250
Saldo soos per bankrekening in die Algemene Grootboek	?

Bankversoeningstaat van Umlazi Handelaars op 31 Mei 2008	
Debietsaldo soos per Bankstaat	23 270
Uitstaande Tjeks:	
No. 335 (gedateer 28 Februarie 2008)	260
No. 448 (gedateer 25 Junie 2008)	5 000
No. 473 (gedateer 22 Mei 2008)	3 300
Uitstaande deposito's	31 600
Kredietsaldo soos per bankrekening in die Algemene Grootboek	230

GEVRA:

Verwys na die Bankversoeningstate van April en Mei 2008 en beantwoord die vrae wat volg:

1.1 Het Umlazi Handelaars, volgens die April 2008 Bankstaat, 'n gunstige banksaldo of 'n oortrokke banksaldo? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.2 Bereken die ontbrekende banksaldo in die Algemene Grootboek van Umlazi Handelaars op 30 April 2008. Dui aan of dit 'n gunstige of 'n ongunstige saldo is. (6)

1.3 Tjek No. 123 verskyn nie op die Mei 2008 Bankversoeningstaat nie. Hierdie tjek is nie deur die begunstigde S Smit gedeponeer nie.

1.3.1 Verduidelik kortliks wat die probleem met tjek no. 123 is. (3)

1.3.2 Watter inskrywings sal die boekhouer gedurende Mei 2008 met tjek no. 123 moet maak? (2)

1.4 Watter van die tjeks wat as uitstaande op die April 2008 **Bankversoeningstaat** gewys word, verskyn op die Mei 2008 **Bankstaat**? (Skryf slegs die tjeknommers neer.) (4)

1.5 Op die Bankversoening van 30 April 2008 verskyn die item: 'Krediet bedrag verkeerdelik gedebiteer op Bankstaat, R250'.

1.5.1 Is hierdie fout gedurende Mei 2008 deur die bank reggestel? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

1.5.2 Gee 'n voorbeeld van die soort fout wat die bank kon gemaak het. (3)

1.6 Verduidelik waarom tjek 335 en 448 op beide April en Mei se Bankversoeningstate verskyn. Gee 'n ander rede vir elke tjek. (4)

PROBLEEMOPLOSSING:

1. 7 As die interne ouditeur van Umlazi Handelaars sien jy dat beide April en Mei 2008 se Bankversoenings groot uitstaande deposito's aandui. Met jou ondersoek is bevind dat die meeste van die bedrae deur die kassier ontvang is voor die datum op die Bankstaat.

GEVRA:

Maak 'n lys van punte wat jy in 'n verslag aan die hoofrekenmeester van Umlazi Handelaars sal gee en lig jou besorgdhede en voorstelle op die volgende punte:

1.7.1 Wat vermoed jy doen die kassier onwettiglik wat veroorsaak dat daar sulke groot uitstaande deposito's is? (3)

1.7.2 Bespreek DRIE interne beheermaatreëls wat in die rekeningkundedepartement in werking gestel kan word om enige verdere soortgelyke probleme te voorkom. (6)

1.7.3 Bespreek TWEE stappe wat gedoen kan word indien jou vermoedens rakende onwettige bedrywighede deur die kassier bevestig word. (4)

40

VRAAG 2: FINANSIËLE STATE EN VERTOLKING VAN 'N MAATSKAPPY (70 punte; 45 minute)

Clarens Bpk. het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 700 000 gewone aandele met 'n pariwaarde van 50 sent per aandeel.

Op 28 Februarie 2007, die einde van die vorige finansiële jaar, het hulle 450 000 gewone aandele teen pariwaarde uitgereik.

GEVRA:

Gebruik die gegewe inligting en voorsien die volgende:

2.1 Die Bateverkoperekening op 30 November 2007. Verwys na nommer 7 van die gegewe inligting. (9)

2.2 Beantwoord die volgende vrae:

2.2.1 Gebruik die VPA (kyk no. 3 hieronder) om die getal aandele wat op 1 Maart 2007 uitgereik is, te bereken. (5)

2.2.2 Bereken die dividend per aandeel vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008. (4)

2.2.3 Bespreek EEN rede waarom die aandeelhouers:

- Tevrede sal wees met die dividendbeleid van die maatskappy
- Ontevrede sal wees met die dividendbeleid van die maatskappy

Haal finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. (4)

2.3 Clarens Bpk. se aandele verhandel tans teen R0,85 per aandeel op die aandelebeurs en die netto batewaarde per aandeel is R0,62. Die direkteure het besluit om die res van die gemagtigde aandele teen R0,75 per aandeel uit te reik. Sou jy bereid wees om addisionele aandele teen hierdie prys aan te koop? Staaf jou antwoord deur TWEE redes te verskaf. (5)

2.4 Stel die Kontantvloeistaat, asook die nota vir die kontant verkry uit bedryfsaktiwiteite vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 op. Toon berekeninge tussen hakies indien notas nie verlang word nie. (43)

INLIGTING:

1. Syfers verkry uit die Inkomstestaat van Clarens Bpk. op 29 Februarie 2008.

Waardevermindering op voertuie	R22 392
Waardevermindering op toerusting	R5 728
Ouditfooie	R38 000
Direkteursfooie	R90 000
Rente op lening van direkteur (rente word gekapitaliseer)	R12 000
Netto inkomste voor belasting	R180 000
Netto inkomste na belasting	R126 000

2. Nuwe aandele is op 1 Maart 2007 teen 'n premie van 20 sent per aandeel uitgereik.

3. Die verdienste per aandeel (VPA) vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 was 20 sent per aandeel.

4. R50 400 se interimdividende is gedurende die huidige finansiële jaar betaal.

5. Op 28 Februarie 2007 het Clarens Bpk. 'n lening van 'n direkteur ter waarde van R75 000 getoon. Die saldo van hierdie lening is R132 000 op 29 Februarie 2008. Die leningsooreenkoms bepaal dat rente gekapitaliseer moet word en dat R1 200 per maand aan die direkteur terugbetaal moet word. Gedurende die jaar is die lening ook verhoog.

6. Syfers verkry uit die Balansstaat van Clarens Bpk. aan die einde van Februarie:

	2008	**2007**
Behoue inkomste	R?	R52 200
Boekwaarde van totale tasbare (vaste) bates	R322 000	R246 200
Krediteurekontrole	R35 000	R28 000
SAID (Inkomstebelasting)	R5 250 (dt)	R4 000 (kt)
Aandeelhouers vir dividende	R88 200	R40 000
Debiteurekontrole	R63 000	R66 000
Voorrade	R116 150	R86 200
Kontant en kontantekwivalente	R?	R8 000 (kt)

7. Op 30 November 2007 het Clarens Bpk. hul enigste voertuig vir kontant verkoop. Die voertuig is teen boekwaarde/drawaarde verkoop. Die voertuig is oorspronklik op 1 Maart 2008 vir R80 000 gekoop. 'n Nuwe voertuig is op dieselfde dag gekoop om die voertuig wat verkoop is, te vervang. Alle voertuie word teen 20% p.j. volgens die kosprysmetode gedepresieer.

   Hierdie transaksies is geboekstaaf. Geen ander tasbare bates is gedurende die huidige finansiële jaar gekoop of verkoop nie.

70

VRAAG 3: KORPORATIEWE VERSLAGDOENING (70 punte; 40 minute)

3.1 SIKA BEPERK (51 punte)

SIKA BEPERK is 'n publieke maatskappy gelys op die JSE. Die maatskappy verkoop buitebande aan die algemene publiek.

GEVRA:

3.1.1 Gebruik die inligting hieronder voorsien om die Verdelingsrekening vir die jaar geëindig 30 Junie 2008 op te stel. (12)

3.1.2 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die maatskappy in 2008 in vergelyking met 2007 deur DRIE finansiële aanwysers in jou antwoord aan te haal. (6)

3.1.3 Maak TWEE aanbevelings aan die direkteure oor hoe die likiditeitsposisie verbeter kan word. (4)

3.1.4 Stel die Balansstaat soos op 30 Junie 2008 op. Die notas tot die Balansstaat word nie verlang nie. Bewerkings moet tussen hakies getoon word om deelpunte te verdien.

LET WEL: Neem finansiële aanwysers in berekening. (29)

INLIGTING:

1. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 500 000 aandele met 'n pariwaarde van R3 elk. Op 1 Julie 2007 is 750 000 aandele reeds uitgereik waarvan 333 000 teen 'n premie van R1,00 uitgereik is. Daar is geen nuwe aandele gedurende die finansiële jaar uitgereik nie.
2. Die Behoue-inkomsterekening toon 'n kredietsaldo van R193 000 op 1 Julie 2007.
3. Die inkomstebelasting vir die jaar was R336 000. Die belastingkoers is 28% van die netto wins.
4. Die volgende finansiële aanwysers is op 30 Junie bereken:

	2008	**2007**
Dividende per aandeel (interim en finaal)	80 sent	90 sent
Solvabiliteitsverhouding	5 : 1	4,8 : 1
Bedryfskapitaalverhouding	1,3 : 1	1,9 : 1
Vuurproefverhouding	0,7 : 1	1,1 : 1
Voorraadomsetsnelheid	4 keer	5 keer
Debiteure-invorderingstermyn (dae)	60 dae	50 dae
Krediteurebetalingstermyn (dae)	30 dae	36 dae

5. Saldo's verkry uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2008:

Tasbare (Vaste) bates (drawaarde)	R3 088 400
Vaste deposito: Noordwes Bank	270 000
Krediteurekontrole	160 000
Bankoortrekking	32 000
Kleinkas	3 000
Aandeelhouers vir dividende	225 000
SAID: Inkomstebelasting (Krediet)	15 000
Verbandlening: GP Bank	?
Debiteurekontrole	170 000
Vooruitbetaalde uitgawes	9 400

6. Die vaste deposito bestaan uit twee beleggings by Noordwes Bank soos volg:

   - R120 000 sal op 31 Oktober 2008 verval
   - R150 000 sal op 1 Mei 2010 verval

(Blaai om na volgende bladsy.)

3.2 OUDITEURSVERSLAG EN ETIEK (19 punte)

GEVRA:

Verwys na die volgende ouditeursverslag wat aan SIKA Bpk. uitgereik is en beantwoord die vrae wat volg:

3.2.1 Wie is verantwoordelik om toe te sien dat die finansiële state opgestel word? (2)

3.2.2 Aan watter hoofgroep persone sal die ouditeure hul ouditeursverslag rig en waarom word die verslag aan hierdie groep persone gerig? (3)

3.2.3 Die ouditeursverslag verwys na die Internasionale Finansiële Verslag-doeningstandaarde (IVS). Verduidelik waarom ouditeure die IVS in berekening moet bring wanneer hulle hul mening lug? (2)

3.2.4 Moet die aandeelhouers tevrede wees met die ouditeursverslag? Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

3.2.5 Indien die ouditeure nalaat om hul pligte na behore uit te voer, kan dit ernstige gevolge vir hul inhou. Bespreek TWEE voordele vir die direkteure/aandeelhouers van SIKA Bpk. van die feit dat alle ouditeure aan 'n professionele liggaam moet behoort. (4)

3.2.6 S Siven, die ouditeursvennoot, wat die oudit by SIKA Bpk. doen gaan met L Lyn, die finansiële direkteur by SIKA Bpk. op 28 Desember 2008 trou.

- Sal dit die oudit van SIKA Bpk. op enige wyse beïnvloed? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- Watter raad sal jy aan S Siven gee? (5)

INLIGTING:

ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG
DOEL:
Ons voer ons oudit in ooreenstemming met Internasionale Ouditstandaarde uit. Dié standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike verdraaiing. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappydirekteure. Ons verantwoordelikheid is om 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek gegrond op ons oudit.

OUDITMENING:
Na ons mening verstrek hierdie finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van SIKA Bpk. soos op 30 Junie 2008, asook van die resultate van die finansiële bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet in Suid-Afrika.

SIVEN & LASH
Geregistreerde Rekenmeensters en Ouditeure
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Posbus 999
Durban
4001 13 August 2008

70

VRAAG 4: VOORRAADSTELSELS EN BTW (45 punte; 25 minute)

4.1 VOORRAADSTELSELS (27 punte)

Vision Handelaars se inligting vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 word aan jou voorsien. Die onderneming verkoop slegs DSTV-dekodeerders. Die periodieke voorraadstelsel en die geweegdegemiddelde-voorraadwaarderingsmetode word gebruik. Hulle koop al hul voorraad by een verskaffer.

GEVRA:

4.1.1 Verduidelik EEN belangrike verskil tussen die *periodieke* en *deurlopende* voorraadstelsels. (4)

4.1.2 Gebruik die geweegdegemiddelde-voorraadwaarderingsmetode om die volgende te bereken:

- Waarde van eindvoorraad op 29 Februarie 2008 (12)
- Bruto wins vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 (6)

4.1.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur van die EIEU-metode gebruik te maak. (5)

INLIGTING:

1. Voorraad op 1 Maart 2007 (100 dekodeerders) R55 600 (sluit vraggeld op voorraad in).

2. Aankope gedurende die jaar, 1 150 eenhede vir R747 500 was soos volg:

Mei 2007	250 eenhede teen R630 elk	R157 500
Oktober 2007	800 eenhede teen R650 elk	R520 000
Januarie 2008	100 eenhede teen R700 elk	R70 000

3. Vraggeld op aankope gedurende die jaar is teen R25 per dekodeerder deur die verskaffer gehef.

4. Stuur 10 defektiewe dekodeerders wat gedurende Januarie 2008 gekoop is, aan die verskaffer terug. Die verskaffer staan 'n volle terugbetaling toe, insluitend vraggeld.

5. 'n Verkoopprys van R1 095 is deurgaans deur die jaar gehandhaaf. Verkope beloop R1 215 450.

6. Op 29 Februarie 2008 het 'n fisiese voorraadopname 130 dekodeerders voorhande getoon.

Kopiereg voorbehou

4.2 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE EN ETIEK (18 punte)

Die artikel heironder het in 'n koerant in 'n klein plattelandse dorpie verskyn.

TROMP APTEEK WEER IN DIE SOP
Deur Ina Prodd, 30 Junie 2008

Tromp Apteek het onlangs weer geopen na 'n weeklange staking deur sy ses werknemers na 'n dispuut oor swak loonverhogings. Die eienaar en entrepreneur, Terry Tromp, het egter nou 'n groter probleem met eise oor onetiese metodes met die vasstelling van die winsopslag op die medisyne wat hy verkoop. Die Farmaseutiese Vereniging van Suid-Afrika (PSSA) is besig met 'n ondersoek.

'n Werknemer wat onlangs afgedank is, Magda Klaar, het aan *Woodvlei Nuus* gesê dat Tromp al die mediese voorraad gaan herwaardeer teen die jongste vervangingskoste, selfs al is ouer voorraad teen laer koste aangekoop.

'Hy voeg dan 'n 100%-winsopslag by, sowel as BTW op daardie waarde. Hy vorder R100 000 per maand in van klante wat verplig is om hulle medisyne by hom te koop omdat daar geen ander apteek binne 50 km van Woodvlei is nie,' het 'n ontevrede Klaar gesê.

Klaar se aantygings in die koerant het ook die aandag van die SAID getrek wat nog geen BTW-betaling van Tromp ontvang het sedert die apteek ses maande gelede gestig is nie.

Tromp het aan *Woodvlei Nuus* gesê dat hy keelvol is vir al die moeilikheid wat die apteek vir hom veroorsaak. 'Ek bedryf verskeie suksesvolle besighede in Woodvlei en ek kan vra wat ek wil vir my goedere. Bo en behalwe die vinnige styging in voorraadkoste is die grootste uitgawes brandstof en lone. Ek dink ernstig daaraan om hierdie besigheid te sluit. Dit is 'n klomp onsin,' het hy gesê.

GEVRA:

4.2.1 Wat sal jy antwoord op Terry se kommentaar in die laaste sin waar hy sê dat dit ' 'n klomp onsin is'? (3)

4.2.2 Indien jy hierdie besigheid van Terry koop, wat sou jy anders doen? Bespreek TWEE punte en gee EEN rede vir elke punt. (6)

4.2.3 Hoeveel uitset-BTW behoort Terry aan die SAID vir die laaste 6 maande te verklaar het na aanleiding van die inligting verskaf in die artikel? Skryf 'n berekening neer om jou antwoord te ondersteun. (4)

4.2.4 Tromp Apteek ondervind kontantvloeiprobleme en beskik oor geen kontant om die SAID te betaal nie. Op 31 Augustus 2008 toon die bankrekening 'n oortrokke saldo van R183 860. Jy is die rekenmeester van Tromp Apteek en die eienaar, versoek jou om die verkopebedrag sodanig te verminder dat die BTW-inset die BTW-uitset oorskry sodat die onderneming 'n terugbetaling van die SAID kan kry.

Sou jy as rekenmeester met hierdie voorstel akkoord gaan? Motiveer jou antwoord deur TWEE redes vir jou besluit te verskaf. (5)

45

VRAAG 5: VERVAARDIGING (45 punte; 25 minute)

5.1 NERD VERVAARDIGERS (32 marks)

Nerd vervaardig skoolsweetpakke en verkoop dit teen 'n winsopslag van 50% op kosprys.

GEVRA:

5.1.1 Stel die Produksiekostestaat van Nerd Vervaardigers vir die jaar geëindig 31 Augustus 2008 op. Slegs die nota vir fabrieksbokoste word verlang. Waar notas nie verlang word nie, moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien. (28)

5.1.2 Die eienaar, D Dunn, is van mening dat die werknemers nie die grondstowwe effektief gebruik nie of dat die sweetpakke in die fabriek gesteel word. Beveel TWEE interne beheermaatreëls aan wat die bestuur kan implementeer om hierdie probleem op te los. (4)

INLIGTING:

NERD VERVAARDIGERS

Saldo's op 1 September 2007:	
Fabriekstoerusting	260 000
Opgehoopte waardevermindering op fabriekstoerusting	84 000
Voorraad voorhande:	
Grondstowwe	14 700
Goedere in bewerking	3 400
Voltooide goedere	4 200
Verbruiksvoorraad	1 600
Transaksies vir die jaar geëindig 31 Augustus 2008:	
Fakriekslone: Direk	156 000
Indirek	9 200
Aankope: Grondstowwe	136 000
Fabriekstoerusting aangekoop (1 Februarie 2008)	140 000
Huur	24 000
Fabrieksvoormansalaris	86 000
Vraggeld op grondstowwe aangekoop	5 800
Versekering	5 600
Verbruiksvoorraad op krediet aangekoop	5 900
Ander fabrieksbokoste	25 200

ADDISIONELE INLIGTING:

1. Voorraad voorhande op 31 Augustus 2008 is soos volg:

Grondstowwe	R 6 000
Voltooide goedere	R12 600
Goedere in bewerking	R10 870
Verbruiksvoorraad	R 2 100

2. Die fabriekstoerusting se waardevermindering is 15% p.j. teen drawaarde.

3. 80% van die verbruiksvoorraad word in die fabriek gebruik en die res in die verkoopsdepartement.

4. Die huur word soos volg toebedeel: Fabriek 60% en die res gelykop tussen verkope en administrasie.

5. Versekering moet verdeel word tussen die fabrieks-, verkoops- en administratiewe departemente in verhouding tot die vloeroppervlakte, wat tans in die verhouding 4:2:1 onderskeidelik is.

5.2 **SOWETO SKOENFABRIEK (13 punte)**

SOWETO SKOENFABRIEK vervaardig sportskoene. Die fabriek het 36 000 pare skoene gedurende die jaar vervaardig en al die pare skoene is teen R249 elk verkoop. Daar was geen goedere-in-bewerking-voorraad aan die begin van die jaar of aan die einde van die jaar nie.

GEVRA:

5.2.1 Bereken die eenheidkoste van produksie. (3)

5.2.2 Bereken die aantal pare skoene wat vervaardig en verkoop moet word om gelyk te breek. (10)

Inligting verkry uit die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008

Direkte grondstowwe	R1 980 000
Direkte arbeidskoste	2 592 000
Fabrieksbokoste	864 000
Totale koste van produksie	5 436 000

Inligting uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008

Verkope (36 000 paar teen R249 elk)	R8 964 000
Koste van verkope	5 436 000
Administrasiekoste (slegs vaste koste)	540 000
Verkoop- en verspreidingskoste (slegs veranderlike koste)	792 000
Netto wins vir die jaar	2 196 000

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6: KONTANTBEGROTING VAN 'N EENMANSAAK (30 punte; 20 minute)

Die onvoltooide Kontantbegroting en addisionele inligting van The Smart Store, 'n gewilde klerewinkel in die kleinhandel, word aan jou verskaf. Die winkel is in 'n besige winkelsentrum in Wattsville geleë.

Die eienaar, mev. N Reddy is baie bekommerd oor die afname in verkope die afgelope paar maande.

GEVRA:

6.1 Verwys na die voorgestelde Kontantbegroting asook die addisionele inligting verskaf om die syfers gemerk (a) tot (e) te bereken. (18)

6.2 6.2.1 Verwys na die item Vaste deposito (1 November), soos getoon in die Ontvangste-afdeling van die Kontantbegroting. Verduidelik wat na verwagting met die vaste deposito op 1 November 2008 gaan gebeur. (2)

6.2.2 The Smart Store beplan om toerusting gedurende die begrotingsperiode aan te koop. Bestudeer die Kontantbegroting ten einde die totale verwagte kosprys van hierdie toerusting te bereken. (3)

6.2.3 Die verkoopassistent het by mev. Reddy gekla oor haar voorgestelde salarisverhoging in November 2008.

- Gee EEN argument om haar mening te ondersteun.
- Gee EEN argument om haar mening te weerlê. (4)

6.2.4 Teen die einde van Oktober 2008 het jy die werklike syfers vir Advertensies met die Kontantbegrotingsyfers en jy die verskil heironder opgemerk. Verskaf EEN punt van advies aan mev. Reddy in hierdie verband:

	Oktober Begroot	Oktober Werklik	Verskil
Advertensies	**R 2 000**	**R 600**	**– R1 400**

(3)

ADDISIONELE INLIGTING:

1. **Werklike en begrote verkoopsyfers:**

	Werklik		Begroot	
	Aug.	**Sept.**	**Okt.**	**Nov.**
Totale verkope	220 000	200 000	180 000	220 000
Koste van verkope	176 000	160 000	144 000	176 000

- 20% van totale verkope word elke maand op krediet verkoop.
- 65% van alle voorraad is op krediet gekoop.
- 'n Vaste vlak vir handelsvoorraad voorhande word reg deur die jaar gehandhaaf deur middel van vervanging op 'n maandelikse basis.

2. Na verwagting sal debiteure hul rekeninge soos volg betaal:

   70% in die maand wat volg op die maand van verkope.
   28% in die tweede maand wat volg op die maand van verkope.
   2% afgeskryf in die derde maand wat volg op die maand van verkope.

3. Krediteure word ten volle betaal in die maand wat volg op die maand van aankope om vir 5%-korting te kwalifiseer.

Kontantbegroting van The Smart Store vir Oktober en November 2008

	Oktober	November
ONTVANGSTE:		
Kontantverkope	144 000	(a)
Debiteure-invorderings	40 320	(c)
Vaste deposito (1 November)	-	20 000
Rente op vaste deposito (12% p.j.)	500	300
Ander kontantinkomste	?	?
BETALINGS:		
Kontantaankope van handelsvoorraad	(b)	61 600
Betalings aan krediteure	(d)	88 920
Deposito – aankope van toerusting	3 000	-
Paaiementbetaling – toerusting (4 gelyke paaiemente)	-	4 700
Huuruitgawe	16 000	17 440
Salaris – winkelbestuurder	12 000	13 680
Salaris – verkoopsassistent	5 000	5 125
Verbruiksgoedere	11 000	12 080
Advertensies	2 000	2 000
Rente op oortrekking	315	-
Ander kontantbedryfsuitgawes	?	?
Surplus/(Tekort) vir die maand	(21 995)	18 855
Banksaldo aan die begin van die maand	14 200	?
Banksaldo aan die einde van die maand	(7 795)	(e)

30

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou